10 April 2022

PE HOOGLAND

Geloof deur liefde tot dade

1972 - 2022

041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za

Indien u vanoggend 'n **nuwe intrekker/-lidmaat of 'n besoeker** in die gemeente is, wil ons net sê:

Baie welkom by vanoggend se Hoogland-familiediens!

Mag Hoogland u geestelike tuiste word.

Die *LIG PERS* strikkie wat Ds Pieter gedurende April maand sal dra, is ter bewusmaking en ook ondersteuning van almal wat geraak word deur testikulêre kanker.

Program vir die dag

09:00 Oggenddiens: Palmsondag- Ds Pieter Nel
10:00 Geloofsvormingsgroepe in onderskeie lokale

(10% van Sondag se dankoffers word gegee vir Sin. Gemeentehulp)

Program vir die week

Dinsdag: 12 April
18:00 50-Jaar Feesviering vergadering

Woensdag: 13 April
GEEN Buffelsfontein Bybelstudie
10:00 Gemeente Bybelstudie

Donderdag: 14 April
18:30 Wydingsnagmaal

Vrydag: 15 April
09:00 Goeie Vrydagdiens

Hoogland Dankoffers

Snap here to pay
SnapScan

Bankbesonderhede
NG Kerk PE Hoogland
ABSA
Rek - 1400 149 980
Takkode - 632005

Zapper

Hoogland Aanlyn

079 815 9325 | facebook.com/pehoogland | #hooglandpe | PE Hoogland

Hoogland T-Hempe

Die bestelling T-hemde (BLOU "batch") is ontvang en kan by Gemeentedienste of die kerkkantoor afgehaal het! Onthou dit is kontant met afhaal, so plaas die korrekte bedrag in 'n koevert asseblief.

GEEL Bestelvorms vir nuwe "*batch*" is VOOR by Gemeentedienste en by die kerkkantoor beskikbaar. Volgende bestellings moet asseblief voor 25 April geplaas wees.

Pryse - Volwasse hemde @ R125 / Kinder hempies @ R100

GELOOF DEUR LIEFDE TOT DADE:

- *'n Wasmasjien vir Martin (die Karwag):* Indien daar iewers in 'n Hoogland huis 'n ongebruikte wasmasjien rondstaan laat weet asseblief die Kerkkantoor.
- *Noodspens & Sopkombuis:* HELP ASSEBLIEF - met die winter wat nader kruip is die Noodspens & sopkombuis onder druk.

GROOT LYDENSWEEK @ HOOGLAND:

Groot Lydensweek begin met Jesus se triomfanklike intog in Jerusalem. Van hier tot by Jesus se kruisiging, is daar 'n aantal gebeure waarvan die Evangelies ons vertel: Jesus reinig die tempel, Jesus word gesalf en Jesus praat oor Sy naderende dood.
Kinders en jongmense ontvang tydens die diens (en by GVG) uitdeelstukke wat gesinne lei om in hierdie week saam te lees en dink oor die gebeure tydens Groot Lydensweek. (Kyk uit vir die kort video wat verduidelik hoe om dit te gebruik.)

Donderdagaand gebruik ons as gelowiges die Nagmaal saam, in pas met die ritme van die gebeure oor daardie Paasnaweek. Die Nagmaal word nie weer op Goeie Vrydag bedien nie.

Die reëlings vir die Sonsopkomsgeleentheid is as volg:

- Almal wat wil saamkom, ontmoet 05:30 by die kerkgebou.
- Dan vertrek ons saam (elkeen is vir sy eie vervoer verantwoordelik) na Humble Ways. Daar is 'n kode nodig om by die hek in te kom en is dit nodig dat ons in een groep daar arriveer.
- Bring vir jou 'n flits, fles met iets warms en jou paasrolletjies / beskuit. Ons wag dan vir die eerste lig waartydens die vroue daardie oggend gesien het dat die graf waar Jesus neergelê is, leeg is. SIEN JOU VROEG!

Hoogland Jubeljaar: #25

Palmsondag

Omgeedaad #25 (van 50) herinner aan God se grootste omgeedaad in Jesus: Jesus het doelgerig Jerusalem binnegery om uit liefde vir ons, later daardie week aan die kruis te sterf.

Die palmkruisies herinner jou dat God jou liefhet. Sit dit êrens neer om jou te herinner aan God se omgee, of gee dit aan iemand wat nodig het om te hoor dat God hul liefhet.

Uit die hart...

Hier is 'n oulike storie wat ek raakloop die afgelope week...

Die donkie het wakker geword, sy gedagtes het nog gewemel van die mees opwindende dag van sy lewe. Hy nog nooit so trots en vol vreugde gevoel nie. Hy het in die dorp ingeloop en het 'n groep mense by die watergat gekry.
"Ek sal myself vir hulle wys", het hy gedink.
Maar hulle het hom nie eens opgemerk nie. Hulle het hulle waterkruike vol gemaak en hom geïgnoreer!
"Gooi julle klere neer!" het hy kwaai gesê "weet julle nie wie ek is nie?"
Hulle het hom met verbasing aangekyk. Iemand het hom selfs op die stert geklap en hom beveel om te beweeg. "Mislike heidene!" het hy by homself gemompel "Ek sal na die markplein toe gaan. Daar waar die goeie mense is - hulle sal my onthou."
Maar dieselfde ding het ook daar gebeur. Niemand het enige aandag aan die donkie gegee nie. "Die palmtakke! Waar is die palmtakke!" het hy geskreeu. "Gister het julle palmtakke gegooi!" Seergemaak en deurmekaar, het die donkie huiswaarts gekeer na sy ma en alles aan haar vertel.

"My liewe kind" het sy saggies geantwoord, "Besef jy nie dat sonder Jesus, jy net nog 'n gewone donkie is nie?"

Ds Pieter

Hoogland Storielyn

Hierdie week : Plaat 4

Die Kruise: Op hierdie uitstalplaat, staan die drie kruise sentraal - as herinneringsteken. Die teken word verder versterk deur die indeling van die vier borde sodat 'n kruis op die agtergrond na vore gebring word.

In September 1982, word drie swaar houtkruise gemaak en voor, skuins agter die preekstoel, teen die muur geïnstalleer. Natuurlik herinner die kruise ons telkens aan die versoeningsoffer van Jesus Christus aan die kruis – dat Hy eens en vir altyd, die straf van al ons sonde gedra het, dat ons (sonde), saam met Hom aan die kruishout vasgespyker is en dat ons nou, deur die werking van die Heilige Gees, in 'n geloofseenheid met die opgestane Christus leef.

Die kruise word egter ook hier, as simbool verbeeld, vir die vele kruispaaie, waarvoor, nie alleen P E Hoogland Gemeente nie, maar by uitstek ook, die groter NG Kerk in Suid-Afrika, meermale moes stilstaan en kniel en stilword – om te vra, "Here, watter pad?"... By hierdie kruispaaie, bevind ons onsself maar telkens weer.

Na verskeie vroeëre gebeure, berade, skrywes en pleitdooie, verskyn daar in Junie 1982, 'n ernstige brief in die Kerkbode, getiteld: "'n Ope Brief aan die NG Kerk in Suid-Afrika", onderteken deur altesaam 123 leraars en teoloë, (Die brief is onder andere ook deur ds. Nico Koch onderteken) In die brief, opgedeel in drie gedeeltes, word die teologiese regverdiging van apartheid onder andere afgewys. Dit bevat ook weereens,'n pleitdooi vir die eenheid van die gereformeerde kerke in Suid-Afrika. In die laaste gedeelte, word onder andere skuld voor God bely, 'n bede uitgespreek en 'n getuienis van hoop gegee, wat steeds vandag, gehoor moet word.

Vele soortgelyke dokumente, skrywes en boeke, was oor baie jare heen, 'n spreekwoordelike klip in die skoen vir die NG Kerk wat met verloop van tyd, soveel pyn meegebring het, dat die skoen op die ou end, uitgetrek moes word. By die NG Kerk se Algemene Sinodesitting in 1986, word 'n nuwe beleidsdokument, getiteld "Kerk en Samelewing", aanvaar. Dit bring eenheidskrake in die NG Kerk na die voorgrond en lei uiteindelik tot skeuring en die stigting van die Afrikaanse Protestantse Kerk in 1987.

Oor "Kinders" en Kombi's:

In Junie 1983, word daar onder meer aan die BKJA, 'n klein bedrag beskikbaar gestel, vir die aankoop van 'n Kombi bussie. Die geld was net genoeg om 'n redelike ou, amper-gedane model, aan te skaf. Die sitplekke was gehawend, die meganika en elektronika behoewend, die bande in swak toestand. Tog was die BKJA se entoesiasme aansteeklik. Met ds. Basie Fourie (en sekerlik iemand se sterk bakkie) se hulp , is die Kombi van onder in die stad, al met Heugh- en Buffelsfonteinweg, opgesleep na die Fourie pastorie. Baie ure en etlike weke se werk later, was die Kombi op die pad en in diens van, nie net die BKJA nie, maar ook van die hele gemeente se kinderaktiwiteite, jeugkampe, uitstappies en later ook die Buffelsfontein Aftree-Oord en die kinders by die nuut-geboude MTR Smit Kinderhuis. Om die lopende kostes van die Kombi te dek, het die BKJA en SKJA gereeld gholfdae gereël.

Om saam te val met die NGK se Jeugjaarprojek in 1985, word 'n jeugsaamtrek in Bloemfontein beplan ds. Basie Fourie, op daardie tydstip, Onder-Voorsitter van die Sinodale Jeugkommissie, neem leiding met die reël van 'n opwindende trapkar-aflostoer waaraan, meer as vyfhonderd jong mense van die NG Kerke in die Oos-Kaap provinsie, deelgeneem het.

Oor Kerkwees:

PE Hoogland, woeker en werk intussen voort. Twee leraars word beroep – ds. Ben Pienaar sluit in 1983 by die gemeente aan gevolg deur ds. Nico van Wyk, in 1987. In hierdie tien jaar tydperk, val die fokus in die gemeente, grootliks op die jeug ("Kinders"), gemeentebou en evangelisasie binne en buite die gemeente. Verskeie kinder-, jeug- en jong-volwassene-aksies word op die been gebring en opgebou. Buiten hierdie bedrywighede by die kerk, word daar gereelde jeugnaweke, Evangelisasie- en Sendingsaksies asook Skoolverlaters- en BKJA Stranddienskampe aangebied.

Gemeentebou- en evangelisasiekursusse word aangebied (Opgebou en Uitgestuur en Evangelism Explosion 111), ons hou bybelstudies, woon gemeentekampe by, ons bied huishulp-werkklasse en huishulp-bidure aan, die vrouediens hou basaars, ons bid vir reën, doen hospitaalbesoek…

Ons bied sending- en evangelisasienaweke aan, raak betrokke by die Moslemaksie en Hawesending, besoek sendingstasies en staan plattelandse gemeentes by, Ons is besig…

Ten spyte van alles, ervaar die gemeente teen 1986, finansiële druk aan eie lyf en kom selfs leraarsposte in gedrang. In 1986 – 1987, word 'n Dankoffer Veldtog geloods om te help om die gemeente se skuld te delg. Preke oor offervaardigheid en rentmeesterskap word onder andere gereeld gehou met skynbare sukses want teen 1989 word planne gemaak en in werking gestel vir die vergroting van die kerksaal.

Uiteindelik het ons weer by 'n kruispad gekom met die vraag: "Waarop is ons fokus?"

Mettertyd sou die fokus in die daaropvolgende jare, verskuif vanaf 'n fokus op "Geld, Geboue en Getalle" – (die 3 G's), na 'n fokus op "God alleen". Hierdie fokusverskuiwing was nog 'n kruispad in Hoogland se storie waar ons moes stilstaan, lig vra en rigting verander.

Uitstalhouer:

Koerantberigte oor die NGK jeugsaamtrek in 1985 (Oosterlig Donderdag 13 Junie 1985) en die vergroting van die kerksaal in 1989. (Oosterlig Dinsdag 14 Maart 1989)

Esel:

'n Werkstekening van die voorgestelde aanbouing aan die kerksaal om ruimte te skep vir kategese onderrig.